

Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 06 Sep 2017
Page: 11

AVE: 18528.42
Circulation: 41700
Part: 1 of 1

# Daar is geen geregtigheid sonder liefde

**Godsdiens Aktueel**
Nico Koopman



Geregtigheid en liefde is onlosmaaklik verbind. Volgens die Amerikaanse teoloog Reinhold Niebuhr is geregtigheid die beste uitdrukking van liefde in die openbare lewe.

Die Duitse teoloog Michael Welker meen geregtigheid kry gestalte waar die ontferming wat mense vir kinders, ouers en familie voel, meer universeel word.

Die teoloog Johannes Calvyn sê weer die liefde verdwaal sonder geregtigheid.

Die Belydenis van Belhar praat juis van geregtigheid as ontfermende geregtigheid, liefdevolle geregtigheid. Dit beteken geregtigheid is nooit verwytend en bytend, dreigend en verwyderend nie. Dit bring mense nader aan mekaar, en is altyd versorgend, omarmend, versoenend.

Dit beteken ook geregtigheid word gesoek op regverdige wyse. Ons kan nie onregverdig handel in die naam van die geregtigheid nie. In die soeke na geregtigheid volg ons regverdige, liefdevolle metodes.

> **Geregtigheid is die beste uitdrukking van liefde in die openbare lewe.**
>
> — REINHOLD NIEBUHR

Liefde het in ons tyd onder verdenking begin kom. 'n Mens voel 'n byna intuïtiewe huiwering om oor liefde te praat en om liefde te bepleit. Een rede hiervoor is omdat liefde dikwels van geregtigheid losgemaak word.

Pleidooie vir liefde is soms pleidooie om net lief te hê en die bestaande onreg te verberg en selfs te ignoreer. Dis veral in die openbare lewe dat agterdog oor liefdestaal ontwikkel het.

Die Amerikaanse filosoof Martha Nussbaum daag ons uit om die plek van liefde in die openbare lewe te herstel. In haar boek *Political Emotions: Why Love Matters for Justice* betoog sy dat die bou van 'n samelewing van menswaardigheid en geregtigheid mense vereis wie se harte deur die omstandighede van hul medemens geraak word.

Emosies soos ontferming, bewoënheid en veral liefde voed mense se verbeelding en inspireer ons om op te offer en aktief in belang van die verontregte en noodlydende medemens te handel. Liefde laat mense in belang van hul medemens hul tyd en hulpbronne volhoubaar aanwend.

Sy bepleit rituele, seremonies, stories en opvoedkundige stelsels wat liefde in mense voed. Sy wys onder meer op Martin Luther King se toesprake wat konsekwent die gedagte van 'n "beloved community" as die roete na 'n menswaardige samelewing verkondig.

Te midde van al die probleme in Suid-Afrika is daar soveel getuienisse van liefde en omgee oor allerlei grense heen. In 'n land ryk aan 'n verskeidenheid van godsdienstige en kulturele tradisies waarin die opvatting van liefde sentraal staan, is dit miskien die moeite werd om op Nussbaum se pleidooie ag te slaan.

Die vervulling van die visie van menswaardigheid in die Grondwet het dalk ons liefde meer nodig as wat ons besef.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.